# Kampkrummels

*Nuusblad van Streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie* *Jaargang 40, No 1* *Desember 2023*


**Ek sal dit vir altyd koester, sê Martie**

# Kersfees saam met Kiepersolfamilie

Kiepersol het vanjaar twee keer verjaar. Eers was dit die "birthday bash" by Marula en onlangs die kersie op die koek waar alles veertig jaar gelede begin het. Joos Becker Woonwapark. Nou 'n goed-versorgde oase in die stad. Martie Jansen deel op bladsy 3 haar belewenis van die naweek. ►



## Geskiedkundige Joos Becker

Sawa-Verwoerdburg (nou Kiepersol) het op 20 Augustus 1983 van Pretoria by Joos Becker Woonwapark afgestig. Die eerste twee saamtrekke oor die Paasnaweek (Presidente) is ook hier gehou. In 1983 was daar 84 woonwaens en R1260 is by die 1984- kermis ingesamel.


Lees meer oor die plek waar ons wortels lê op bladsy 5.

## Sawa-vrou van die jaar

Ons voorsitter, Wilanda Prinsloo, is op die onlangse Nasionale Vergadering as die Sawa-vrou van die jaar gekroon. Hierdie besondere eer kan 'n lid net een keer te beurt val. Kiepersol het tot dusver nie minder nie as 11 mans en vroue opgelewer wat dié toekenning ontvang het. Baie geluk Wilanda, en ook aan Quintin wat haar deur dik en dun ondersteun en bystaan in die leiersrol wat sy speel om Sawa op verskeie vlakke met onderskeiding te dien.



*Ek wil aan elke lid, sy gesin en familie 'n feestelike Kersgety toebid. Mag almal veilig terugkeer vanwaar ookal en dat ons in 2024 net so lekker saam sal kamp en mekaar waardeer soos dit tans die geval is. – Wilanda*



# OORDENKING

Geseënde Kersfees!

## Vir Kersfees en die toekoms: Hou koers!

**Skriflesing: 1 Kor 9:26-27:** *Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie.*

'n Sekere filosoof het eenkeer gesê: Daar is net een ding waarvan ons seker kan wees, en dit is dat niks seker is nie. Verandering is so seker soos dood en belasting. Maar verandering hoef jou nie noodwendig uit te boul of van koers af te gooi nie.

Paulus se lewe is vir ons 'n les. Al word sy planne omvergewerp, bly hy op koers. Hy word dikwels verhinder om sy taak uit te voer: hy word vervolg, word in die tronk gegooi of sy skip sink. Maar hy leef strategies met sy kompas in die een hand en die barometer in die ander. As hy by die Jode is som hy die omstandighede op en skik hom daarna; by die Grieke som hy die situasie weer op en beweeg vorentoe.

Hy hou sy opsies oop, laat ruimte vir terugvoering, lees die situasie en beplan die beste roete na sy doelwit toe. Hoe kry hy dit reg?
Omdat hy weet waarheen hy op pad is, mors hy nie energie soos 'n bokser wat in die lug rondslaan nie. Wanneer sy koers bepaal is, bly hy op koers en bestuur sy opsies doelgerig.

Verandering en die dwarsboming van planne hoef jou nie te ontspoor nie; dit kan jou eerder aanspoor tot meer doelgerigte aksie. Dank God vir iemand soos Paulus wat ons gewys het hoe om dit te doen.

Gebed: Here, help my om soos Paulus verandering te antisipeer en baas te raak. Help my om deur onverwagte en dikwels ongewensde koers-veranderings koers te hou deur my oog te hou op die einddoel.

**- Johann Symington (Vers-'n-dag)**




## Kinderstemme soos musiek in ons ore

Dis alweer amper Kersfees en nog 'n jaar lê op sy rug. Maar hoe lekker was dit nie om weer die buitelewe saam met Sawa-Kiepersol op so'n hoogtepunt af te sluit nie. Dis een van die dinge waaroor ons dankbaar is: Om deel van so'n besondere groep mense te wees wat vir 'n naweek al die sorge van die lewe kan vergeet en net lekker saam kuier.

Na 40 jaar was ons terug waar alles begin het en baie keer daarna die tradisionele Kersfeeskamp gehuisves het. Dis wonderlik om na 'n hele aantal jare van 'kinder-droogte' weer die helder, opgewonde kinderstemme te hoor. Mag hulle nooit stil word nie! Die ouderdomsverskil van 92 jaar het dit nog meer besonders gemaak. Wat 'n voorreg om van die veterane wat 'n lang pad gestap het by ons te hê. Ook die grapmakers, storievertellers en almal wat die naweek moontlik gemaak het en een van ons jonger lede geinspireer het om so'n mooi belewenis op skrif te stel (bladsy 3).
Lekker lees!

SAWA KIEPERSOL

### Streekbestuur 2023-2024

**Voorsitter:** Wilanda Prinsloo

**Sekretaris**: Eugenie Prinsloo

**Penningmeester:** Leon Jansen

**Bykomende lede**

Quintin Prinsloo

Pieter Henning

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

"Kiepersol is nog steeds die streek met die beste meelewing en spangees"

**- Sawa Nasionale Bestuur**

### Bydraes

Stuur bydraes vir Kampkrummels aan lemmerj@mweb.co.za

### Bladuitleg

Johann Lemmer

# Almal, jonk en oud, het die Kerskamp terdeë geniet

**Martie Jansen skryf:**
Wilanda het my uit die bloute Sondag voor ons huiswaarts gekeer het, gevra om ietsie te skryf .

Dis wat ek die naweek beleef het: Almal, kleuters, jongmense, jonk en oud geniet die Kerskamp! Ons was gou-gou ‘n hele klompie bymekaar wat al te lekker gesels het. Nostalgie het my oorval….. ek kom uit ‘n groot familie. Kerstyd was dit ma, pa, ouma, oupa, ooms, tannies, broers, susters, neefs en niggies met tafels wat kreun onder al die kosse, poedings en ander lekkernye. Ons kinders wat jol en skree en grootmense wat kuier. Wat ‘n voorreg om deel te wees van ons Kiepersolfamilie. Iets wat ek sal koester vir altyd en altyd!

My storie begin eintlik al etlike dae voor die kamp by Joos Becker. Alles oom Paul Kruger se skuld wat vooraf laat weet het hy bring die koper asbak saam. Ek wou weet wat dit is maar Frieda het net na die ou dae verwys. Ek het weer probeer: Waaroor gaan die verdomde koper asbak? Wilanda het toe gevra of daar ‘n slang in die gras of op die bors is? Hoewel daar ‘n hele paar Kiepersollers is wat die storie geken het, wou niemand meer laat blyk nie en my nuuskierigheid het die oorhand gekry. Ek moes egter geduldig wag tot laat Saterdagaand toe oom Paul die aap uit die mou gelaat het. Die storie was toe uiteindelik die moeite (en wag) werd. Ek het die eer en voorreg gehad om die asbakkie vas te hou, ampertjies nes oom Paul destyds by Joos Becker. Enigste verskil: Ek was doodnugter!



Terug na Vrydagmiddag. By Joos Becker aangekom en ons ryhuis (Frank se beskrywing van ‘n *motorhome)* staangemaak, het ek en Kobus hard probeer om alles in plek te kry, maar nie een van ons was juis lus daarvoor nie. Ons stoele het vanself hulle pad gevind na ons bure (Wilanda en Quin) wat lankal reeds uitgespan het. Wilanda gee my die naweekprogram en my twee ogies het verander in damwalle toe ek die almanak sien! Quin het sommer pad gevat want hy was seker nie lus vir twee grensende vroumense nie. Eugenie, so baie dankie, dit is super spesiaal!

Vrydagaand het Quin en sy span gesorg vir vure. Nadat almal se pense versadig was, het oom Paul en oom Fanie (en natuurlik die *aunties* ook) ons vertel van toeka se kampstories. Genade, ek het nie gedink die ou ballies kan tot so laat kuier nie. Ons het eers na 11 koers gevat kooi toe.

Saterdag was almal besig om die tafels. Oom Paul was ons DJ. Hy het almal se versoeke ewe geduldig opgesoek en vir ons gespeel terwyl hy die uie probeer kap het. Wat ‘n goeie siel, die oom Paul ….. hy het sowaar vir my *Thunder* van ACDC gespeel en *Purple Rain* van Prince! Die tannies was miskien nie baie gelukkig nie, maar oom Paul was ‘n groot sport! *Thanks* oom Paul, jy het die kos voorbereiding baie pret gemaak.

Later het Nadine begin met waterspeletjies. Die Kleintjies kon nie wag nie en het vroeg al begin om waterbalonne te laat bars! Ek is ampers seker ek en Jeanette het die waterballon-gooi gewen maar dit is seker debatteerbaar. Met die eiergooi was almal besig om te konsentreer dat hulle eiers nie moet breek nie en ons het nie opgelet nie, maar ek dink Wilanda en Quin het gekroek .Weet nou nog nie wie het daai een gewen nie.

Net toe ons regmaak vir boekevat, begin die wind waai soos in erg, en dit reën! Almal skarrel en beraam planne! Oom Fanie se ryhuis word ingespan vir beskerming en onderdak en al die manne werk saam! Staatmakers van formaat. Ampertjies het Kersvader in die slag gebly, maar kort voor lank was alles verby en het dit opgeklaar.




Dit was tyd vir boekevat en tannie Marie Marx se klipstapeling. Sy het in ‘n ernstige gebedsaak met ons Vader, die klipstapel gesien wat die Here wou gehad het sy moes vir Kiepersol en sy mense laat bou het. Almal het meegedoen. Kiepersollede, vriende en familie wat kom kuier het, die hele lot! Dankie tannie Marie vir nog ‘n stukkie spesiale Kiepersolgeskiedenis! ‘n Belewenis wat ons nooit ooit sal vergeet nie.

Ons Engelse Kersvader daag toe op, agter op Blikkies se goudgeel BMW- motorfiets. Die arme man het ampers afgewetter. Hy moes klou aan Blikkies en die presentesak net om bo te bly. Die kleingoed se opgewondenheid het geen perke geken nie. Hulle was so bly om hom te sien en het gegil, gelag en geskree. Dink hulle was maar so effe bangerig en skrikkerig, wat hulle glad nie sal erken nie, maar nou ja.

*(Na bladsy 4)*

# Oom Gert Rall se baadjie en hoed word opgeveil



Onse Kersvader raak toe erg verbouereerd en vergeet amper sy Afrikaanse taal wat hy normaalweg goed kan gooi. Fanie Marx junior sit heelvoor tussen die kinders, want hy wag vir sy presentjie wat hyself sorgvuldig uitgekies en in 'n geskenksakkie gesit het! Sy kinderlike verwagting en blydskap toe dit uiteindelik sy beurt was, was iets om te beleef! Veral toe hy sy eie biere met trots vir almal wys!



Daarna het almal sy eie bakkie geskep met wat hulle graag wil roerbraai en gou was die braaiers volgepak met honger Kiepersollers. Raad is vrylik uitgedeel: Sit olie op, gooi sout en peper, moenie 'n sousie vergeet nie! Geselligheid het geen perke gehad nie. Ai, wat 'n wonderlike, wonderlike aand!




Nou die hoogtepunt van my ervaring van ons 2023 Kerskamp! Die 94-jarige oom Gert Rall het besluit om sy SAWA-baadjie en hoed te laat opveil. Hy is een van die stigterslede wat Kiepersol 40 jaar gelede begin het. En hy kuier nog steeds saam met die Kiepersollers! Oom Fanie is die afslaer met 'n groot fanfare soos wat net hy kan doen.

Ek sit soos wafferse paparazzi en probeer om 'n video te neem van die hele petalje, maar die man beweeg die hele wêreld vol wat dit vir 'n *appie* fotograaf nogals moeilik maak. Ek bie so tussenin ook ewe halfhartig saam. Sien toe my anner helfte bie ook. Teen hierdie tyd al 'n stewige bedraggie, maar hy maak dit net R10 meer, slim soos ek hom ken. Ek raak so meegevoer dat ek ook iets wou sê (nie noodwendig om te bie nie) en oom Fanie slaan die bod op my toe. Ek was so geskok dat ek ampers omgeneuk het! Ek wou later die video op die groep plaas, maar ek het dit toe nooit geneem nie! My uitgewer sou my *gefire* het.

Oom Gert trek so ewe sy baadjie uit en gee dit saam met sy hoed vir my. Eensklaps tref dit my….. ek sit met 'n stukkie waardevolle Kiepersolgeskiedenis in my hande! Om alles te kroon, bring hy vir my die wapen wat sy vroutjie nog met haar eie hande reggemaak het sodat dit net op die baadjie vasgewerk kan word! Wat 'n absolute voorreg. **Ek sal daardie baadjie en hoed soos goud oppas en met trots dra op elke Kiepersolkamp wat ons gaan bywoon.**

Toe ek weer sien, is al die braaiers verwyder en ons dans op die ronde sementvloer. Almal, van jonk tot oud, het saamgedans! Aja-ja-ja! So so lekker.

Om die transaksie met die baadjie en hoed te verseël, vra ek oom Gert vir 'n wals op die sementblad. Wat 'n voorreg! Ek het goed die naweek gedoen wat ek nie normaalweg sal doen nie! My brein het gedink ek is weer 16, maar my lyf het die dag daarna en paar dae daarna geweet ek is aan die verkeerde kant van 60! Ek wil net vir my liefste man baie dankie sê! Jy is die beste my liefling!

Weer laat gaan slaap en vroeg opgestaan vir die kerkdiens Sondagoggend wat deur prof Stephan Joubert gelei is. Daarna koek en tee en huistoe.

Fluit-fluit my storie is uit.



## Vraag beantwoord

Julle sal onthou dat ek na verlede jaar se Kerskamp geskryf het dat 'n lid my gevra het: "Wilanda, weet jy hoe lyk sukses?" .
"Ek sal graag die antwoord nou aan daardie lid wil gee. In Augustus 1983 stig Verwoerdburg (Kiepersol) van Streek Pretoria af en vorm 'n groepie Sawanante. Veertig jaar later (met baie seëninge) staan Kiepersol steeds sterk met 48 gesinne waarvan 27 gereelde kampeerders is. By die afgelope saamtrek het ons gesien hoe goed dit werk.

# Kiepersol sluit 40ste verjaardagjaar besig af

Voorsitter Wilanda skryf dat Kiepersol sy/haar 40ste verjaardagjaar op 'n hoë noot afgesluit het en vervolg:

Hier staan ons aan die einde van 2023 en kyk terug oor die gebeure van die afgelope jaar. Ek moet sê Kiepersol was baie besig. 'n Paar hoogtepunte wat in die besonder uitstaan is:

Die fondsinsameling vir ons 40ste verjaarsdag gedurende in April 2023 was 'n reuse sukses. Die organiseringspan onder leiding van Thania en Eugenie het ons die vorige dag laat sweet om al die voorbereidings vir die ete klaar te maak. Die Sondag se buffetete is goed bygewoon en die algemene gevoel was dat ons dit asseblief weer moet aanbied. Nie net omdat ons moet geld insamel nie, maar ook vir die samesyn, lekker kos en kuier.

Kiepersol, in samewerking met Gebied Jakaranda, het gesorg vir suksesvolle reëlings vir Presidente 2023 te Bloekompoort. Twaalf gesinne het dit bygewoon en almal het handjie bygesit met die verrigtinge gedurende die naweek. Baie dankie julle, weereens 'n reuse sukses.

AJV 2023 – 40ste Algemene Jaarvergadering vir Streek Kiepersol. Die vergadering is goed bygewoon en Fanie Marx het ons besig gehou met 'n besprekingspunt wat na die gebiedsvergadering verwys is. As uitvloeisel hiervan is Rudi Kleynhans as skakelbeampte aangewys. Daar is ook 'n moontlikheid dat die herinstelling van 'n president oorweeg sal word.

Ek wil my dank uitspreek teenoor Thania Marx vir haar bydrae as penningmeester en ook vir Leon Jansen, haar opvolger, wat reeds in die diepkant ingegooi is.

En dan natuurlik ons Kerskamp wat op die plek gehou is waar ons streek veertig jare gelede die lig gesien het. Dit was regtig wonderlik om te sien dat lede met soveel passie dankbaar teenoor die HERE is vir al die seëninge van die afgelope 40 jaar. Tannie Marie Marx het die die inisiatief geneem om 'n klipstapel deur almal teenwoordig te laat bou uit erkenning vir God se seëninge van die afgelope 40 jaar, veilig sleep en lekker kamp. Tot volgende keer.

Agterstevoor boeresport by Joos Becker

# Spiesgooi met verestoffer, diskus met papierbord, R5 per dag

Christo van der Merwe onthou: Na die stigting in Augustus 1983 was daar nog baie saamtrekke by Joos Becker. Die Groot Pannekoekbakwedstryd was onder die afdak, toe die vrouens net gesit en kyk het en die mans alles self moes doen, van deeg aanmaak tot suiker en kaneel strooi.

Dis ook daar waar Fanie Marx sy hand die eerste keer aan 'n skaapbraai gewaag het. Dit was toe dat ons ook die eerste keer in my nommer 20 pot vir die streek pap gemaak het. Danksy Fanie se opvoubare tuinslang kon ons warm water uit die ablusieblok in die pot tap en op die manier die proses aansienlik versnel.

Ons het die "agterstevoor boeresport" ook by Joos Becker gehou. Spiesgooi met 'n verestoffer, vere vorentoe; diskusgooi met 'n papierbord, sommiges het selfs negatiewe afstande teen die wind aangeteken; gewigstoot met die polistireenbal van 'n toiletspoelbak; alles groot pret. Dit was ook die plek van die koper-asbak episode.

## Gimtrim en Rollende Hotel

Die eerste fondsinsameling by 'n Presidentesaamtrek is in 1984 by Joos Becker gehou. Dit het R5 per dag gekos en daar is R1260 ingesamel. Daar is gedurende die naweek onder andere vir gimtrim voorsiening gemaak.


**In 2006 was daar "Das Rollende Hotel." Dis 'n bus met slaaphokkies soos waarin Paul Kruger hier lé. Tot groot konsternasie het die buitelandse toeriste hulle kaal in die openbaar uit- en aangetrek.**



# Klipstapel om dankie te sê vir 40 jaar se kampering

Tydens die erediens by ‘n vorige Nasionale Vergadering (Marula) is uit Genesis 12 en 13 gelees waar Abraham uit Haram ver suid trek. Hy slaan dikwels kamp op. Tydens hierdie trek betoon hy sy dankbaarheid vir alles wat hy ondervind en bevestig dit met die stapeling van klippe.

Dit het Marie Marx laat dink. Kiepersollede trek nou al vir 40 jaar saam en is baie geseënd en moet ons nie vir die HERE op ‘n praktiese manier dankie sê vir al die saamtrekke deur byvoorbeeld ook ‘n klipstapeling te hou nie? By die onlangse saamtrek het almal wat daar was deelgeneem ter herinnering aan die die goeie tye saam met die Kiepersolfamilie. Kampeerders gee daardeur erkenning aan die HERE vir die voorreg om in die natuur te kampeer.







*Onder: Nadine en Blignaut met die twee jongste lede van ons streek*
*Links: Ons toekoms*






*Naomi en Francois Groenewald van Wes-Rand* ►





# Kiepersol by die Nasionale Vergadering, Hartenbos




*Dokumente van die Nasionale Vergadering wat in Oktober plaasgevind het.*



*Hierdie sewe mense het Kiepersol se vlag gedra by die Nasionale Vergadering wat in Hartenbos gehou is: Chris, Litia, Pieter, Elma., Willie, Wilanda en Quintin*

## Sawa se Dagkantoor

Op die foto hieronder is Sawa se 'dagkantoorlede' van die afgelope jaar. Dié drie sien om na die dag-tot-dag sake maar dis net die Nasionale Bestuur (gebiedsvoorsitters kom by) wat tussen nasionale vergaderings beluitnemings-uitvoerende magte het.

By die onlangse Nasionale Vergadering (Kongres) het Willie na 12 jaar diens as sekretaris uitgetree en is Martin Rix van Wapadrand in sy plek verkies. In die amp van penningmeester is ons Chris Joubert herkies en Niël Goslett as voorsitter. Soos so dikwels in die verlede het Kiepersol weer 'n verkose beampte opgelewer. Baie geluk aan Chris en groot dank aan Willie vir sy jarelange bydrae in die belangrike pos van nasionale sekretaris. Volgens die proses in die Grondwet is Jannie Meyer uit die gebiedsvoorsitters as nasionale ondervoorsitter vir die volgende jaar verkies.





*Jannie Meyer, nasionale ondervoorsitter*



*Martin Rix, nasionale sekretaris*

## Positiewe meelewing by NV

Terugvoering oor die naweek en al die aktiwiteite was deurlopend positief sê die nasionale voorsitter, Niël Goslett, in 'n brief aan Sawa-lede na die afgelope Nasionale Vergadering wat in Hartenbos gehou is.

"Ek is opgewonde oor die positiewe interaksie en meelewing van die afgevaardigdes en gaste tydens die naweek. Ons lede wat in die ATKV-oord en elders tuisgegaan het, het almal hul tevredenheid uitgespreek en die naweek terdeë geniet. Ek glo 'n positiewe boodskap sal by elke lid uitkom"

# In Kiepersol is 2- tot 94-jariges saam

**Wilanda skryf**: Die jongste, onlangse lede wat by Kiepersol aangesluit het is Fanie Marx Jnr en Chantal Baker. Beide hierdie lede is Kiepersolkinders.

Is almal dan nie maar Kiepersolkinders nie? Inderdaad. Fanie Marx Jnr was maar 'n klein seuntjie van so 2 of 3 jaar toe sy ouers by SAWA aangesluit het. Chantal Baker was 'n dogtertjie van so 5 jaar oud toe haar ouers lede geword het.

Marco en Blignaut was onderskeidelik 7 en 5 toe die Prinsloos by SAWA aangesluit het. Op daardie stadium was daar 'n hele aantal kinders in Kiepersol en as ek dit reg onthou het Ina van den Berg en Ester Lombard op Sondae die katkisasie hanteer.

Dit laat my dink aan die een Sondagoggend toe Marco van die Sondagskool terugkeer, hewig ontsteld, amper in trane, omdat Blikkies vir die juffrou gejok het. So kom Blikkies aangestap met sy stoel wat agter hom aangesleep word (omdat hy te klein was om die stoel te kon dra). By die woonwa aangekom neem Quintin die twee seuns om die situasie op 'n skaflike manier uit te sorteer. Marco beskuldig vir Blikkies, hy het vir die juffrou (Ina) gejok deur te sê sy naam is Jaak. Quintin vat toe die Sondagskoolbriefie by Blikkies en so waar, daar staan dat JAAK die sondagskoolles bygewoon het. Op daardie stadium was Quintin so boos dat al wat hy kon uitkry was om vir Blikkies toe te snou was – JAAK jy jaak net k@k aan!



***Pas 2 jaar oud: Logan by ouma en Arthur by oupa***

Nou meer as 30 jaar later, herhaal die geskiedenis homself. Die Kiepersolkinders het as volwaardige lede aangesluit en daar is nog nege kinders in die streek. Die jongste is die tweeling Logan en Arthur wat pas twee jaar oud geword het.

Dié tweetjies was slegs 19 dae oud toe hulle vir die eerste keer gekamp het. Nou het hulle reeds 16 saamtrekke agter hulle name. Moet 'n rekord wees?


In die begin het ons die kinders probeer stil hou, totdat Willie Bronkhorst my eenkant toe geroep het, my oor die vingers getik en gesê het dat as ek ooit weer die kinders op 'n kamp gaan stilmaak, ek meer moeilikheid gaan kry as wat ek kan hanteer. Hy het na die kinders gewys en gesê: "Dis SAWA se lewensbloed."

Dis met trots dat ons kan sê dat die Kiepersolkinders, Stefan, Diané, Tiago, Tiana, Tiano, Marnus, Ian, Logan en Arthur Kiepersol (SAWA) se voortbestaan is, net soos die ouer Fanie Jnr, Chantal, Marco en Blikkies wat hulle voorafgegaan het.

*Die 94-jarige oom Gert Rall met die hoed en baadjie wat opgeveil is* ►



*Die eerste van baie notules wat hy 40 jaar gelede vir Kiepersol geskryf het* ▼



G-RALL open die verga
ERWELKOMING.
Die Voorsitter verwelkon
PRESENSIE EN KONSTITUERING.
Teenwoordig:- E. Leach
W.L. Delport
G.F. Rall
C.J. Blignaut
G.J. Botha
Konstituering:- Almal is teenwoordig die verg. as gekonstitue
TBREIDING VAN SAKELYS.
Geen verdere toe



*Stean en Marnus speel lekker saam*

# Sinterklaas is vrygewig . . .





*Vroeg Vrydag by kampterrein: Ons wag vir julle!*



**Klein en groot het presente gekry**














# Tema: Konings, kolonel en 'n kerrie-en-rys paplepel




*Johann, Leon, Martie en Bertha kyk TV-rugby in Marula se kuierplek tydens AJV-naweek* ◄

*Jeanette en Derick* ►







*Marie: Wie loer kry niks* ▲ *Koninklike Jouberts* ▼ *Con en Magriet* ▲ *Prinsloos* ▼









*Paplepel met Fanie se wenner: Kerrie en Rys, bietjie rys en baie vleis!* ►

*Marnus by die nuwe Kiepersol en die ou Verwoerdburg* ◄



# Lede ontvang toekennings vir verdienstelikheid







▲*Wilanda oorhandig meriete-toekennings aan: Fanie, Marie, Johanna, Pieter, Elma en Willie* ▲







*Pieter, Chris Joubert en nog een vir Johanna* *Ina* ▼







*Litia en Chris*

▲*Wilanda saam met Chris Pienaar en ander lede van die Nasionale Bestuur* ▼



## Streekbestuur




*Eugenie, Wilanda, Pieter, Quintin en Leon*

# So sak die son oor nog 'n wonderlike Kiepersolkamp





ALMANAK

Dankie Eugenie vir hierdie pragstuk

## SAWA SE STRUKTUUR

**Nasionale Vergadering 1 x per jaar**

▼

**Nasionale Bestuur 11+ x per jaar**

▼

**Gebiedsbestuur (Jakaranda) 4 x per jaar**

▼

**Streekbestuur (Kiepersol) 9+ x per jaar**

**Sawa-lede geniet kampering**

## SAWA SE WAARDES

Christenskap

Lojaliteit

Respek

Integriteit

Eerlikheid

Diensbaarheid

Verdraagsaamheid

Verantwoordelikheid